

26 September

Skrifgedeelte: Hebreërs 13:7-25

Fokusgedeelte: Hebreërs 13:7-9

Soek jou stabiliteit by die onveranderlike Jesus Christus!

Wanneer die Hebreër-gelowiges opgeroep word om aan hul (oorlede) voorgangers te dink, moet hulle spesifiek die fokuspunt in die lewens van die vroeëre boodskappers van die evangelie in herinnering roep. Hierdie manne se lewens was geheel en al op Jesus Christus alleen gerig. By Hom het hulle sekuriteit en vastigheid gesoek en gevind; daarom is die uiteinde van hul lewe so troosvol – hulle het in rus en vrede ontslaap.

Op die lang pad van ons geloofsreis gebeur dit maklik dat jy jou stabiliteit êrens anders begin soek. Gemaklik word reëls en regulasies, voorskrifte en gebruikte verabsouteer, maar dit is so sinloos. Mensgemaakte leringe is immers nooit 'n bron van sekerheid nie. Inteendeel, daar is net één bron van sekuriteit, naamlik Jesus Christus. Oor Hom lees ons in Hebreërs 13:8: "Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid." Hy is Jesus, ons onveranderlike Verlosser. Hy is die Christus, ons onveranderlike Middelaar. Dit is in Hom wat God my uitgekies het (Ef 1:4). Dit is Hy wat Satan se kop vermorsel het (Gen 3:15). Hy is die ewige Koning uit Dawid se nageslag (2 Sam 16). Hy het as Hoëpriester voortdurend met my swakhede medelye (Heb 4:15). Dit is Hy wat gesê het, steeds sê en altyd sal bly sê (Joh 10:14,16): "Ek is die goeie Herder. Die goeie Herder lê sy lewe af vir die skape." Elders beloof Hy (Joh 14:18): "Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie ... " Ja, Hy is wie Hy is, gister en vandag en tot in ewigheid. By Hom voel ek veilig en geborge. By Hom vind ek ware stabiliteit!

Sing: Skrifberyming 8:2,5 Ds PW Kurpershoek (Pretoria-Sunnyside)